

# LAASTE 19 SKOLE IN PIXLEY KA SEME-DISTRIK OOK NOU OOP VIR LEERDERS

“Die besluit om die skole te heropen, volg na 'n gesamentlike vergadering tussen die LUR van Onderwys en Gesondheid”

M. Mostert

Junie was die Covid-19-gevalle in die Umsobomvu Munisipale area 40 en in Renosterberg Munisipale area 11.

PIXLEY KA SEME - Soos almal half en half verwag het, was al die skole nie gereed om op 8 Junie hul grade 7's en 12' terug te ontvang nie. Van die skole se ablusiegeriewe was nie op standaard nie of daar was nie genoeg waterpunte nie. Skole in die Oos-Kaap was 'n hartseer prentjie. Die plattelandse skole veral het gesukkel om gereed te maak vir die groot terugkeer. Van die skole se klaskamers het nie deure nie, ander se ruite makeer en sommige was bloot net gevandaliseer en onbegaanbaar.

Goeie nuus is dat die 19 skole in die Pixley ka Seme-distrik wat verlede week as gevolg van vele uitdagings nie gereed was om te open nie, wel nou oop is. Die gebiede in die Umsobomvu en Renosterberg Munisipaliteite het 'n vinnige toename in positiewe gevalle van die coronavirus ervaar, maar die skole het op 17 Junie wel hul deure vir die leerders oopgemaak en is gereed om hulle veilig te ontvang. Teen 16

## NOTICE OF LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer Number T55787/2010 passed by **NAMAQUA DISTRICT MUNICIPALITY** in favour of **JAKOB JOHANNES CLOETE** **IDENTITY NUMBER 521031 5136 08 5** Unmarried in respect of **ERF 133 NABABEEP situated in the Nama Khoi Municipality, Division Namaqualand, Northern Cape Province, which has been lost or destroyed.**

All interested parties having objection to the issue of such a copy are hereby requested to lodge same in writing with the Registrar of Deeds, 10<sup>th</sup> Floor – Room 10.04, Public Offices, 2 Stead Street, KIMBERLEY within TWO WEEKS from the date of the publication.

DATED at SPRINGBOK on **12 JUNE 2020.**

|                   |                                                                                                                                                                                                                                                      |
|-------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>APPLICANT:</b> | <b>ESTATE LATE JAKOB JOHANNES CLOETE</b>                                                                                                                                                                                                             |
| <b>ADRESS:</b>    | <b>c/o SCHREUDERS ATTORNEYS</b><br><b>ANICO BUILDING, VOORTREKKER STREET</b><br><b>SPRINGBOK</b><br><b>E-mail: <a href="mailto:elretha@schreuders-attorneys.co.za">elretha@schreuders-attorneys.co.za</a></b><br><b>CONTACT NUMBER: 027-712 2051</b> |
| <b>REFERENCE:</b> | <b>EH/TH</b>                                                                                                                                                                                                                                         |

## KAMIESBERG LOCAL MUNICIPALITY

### NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

## ENVIROAFRICA CC

### PROPOSED UPGRADE AND EXPANSION OF THE KAMIESKROON SEWER OXIDATION POND, KAMIESBERG LOCAL MUNICIPALITY, NAMAKWA DISTRICT MUNICIPALITY, NORTHERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit a NEMA application and a Water Use License Application (WULA), and the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended (“NEMA”), Environmental Impact Assessment Regulations 2014 and the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998). The proposed upgrade to the Kamieskroon Oxidation Ponds includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014. EnviroAfrica cc has been appointed by Kamiesberg Local Municipality to undertake the NEMA Application for Environmental Authorisation process. Application for environmental authorization to undertake the following activities in terms of NEMA EIA Regulations 2014: Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. **12, 19, 27, 48 and 57** Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **12, 14, and 23** *\*Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

#### Project Description & Location:

The proposed upgrade and expansion of the Kamieskroon Waste Water Treatment Works includes the following:

- Construction of oxidation ponds, with evaporation ponds, and construction of in-and outlet structures
- Installation of HDPE – Linings to waterproof the ponds. Reconstruction and waterproofing of the existing oxidation ponds
- Construction of pipeline between two pond sites
- Construction of security fences and caretakers building.

The site is located at the existing Kamieskroon Oxidation Ponds, located to the east of Kamieskroon, north of the N7. Site coordinates: 30°12'38.00"S, 17°55'13.00"E.

#### Public Participation:

Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before 23 August 2020. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (*indicating your preferred method of notification*) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions, be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority, together with an indication of where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135/ Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: [clinton@enviroafrica.co.za](mailto:clinton@enviroafrica.co.za)

# VRYWILLIGERS GESOEK VIR HIPNOSE IN AANLYN-VERTONING

# NOORD-KAAP-NOOI IN TOP 35 VAN MISS SOUTH AFRICA

Lefra Produksies

vrywilligers is die sterre van die konsert en hulle laat ons gehore skaterlag – natuurlik met so 'n bietjie hulp van André af. André plaas ons vrywilligers onder hipnose en dan doen 'n mens mos allerhande goed wat 'n mens nie sommer aldag sou doen nie ... soos om 'n wasmasjien, 'n lewensredder in Baywatch, Juanita du Plessis of sommer net 'n hondjie of 'n katjie te wees. Slaap! en kom skaterlag vir André en sy ster vrywilligers. Lefra Produksies het ook 'n paar jaar gelede die televisieprogram, SKATERLAG MET ANDRÉ – DIE SKREEUSNAAKSE op kykNET uitgesaai.

[Suid-Afrika se bekendste verhooghipnotiseur, ANDRÉ – DIE SKREEUSNAAKSE HIPNOTISEUR, is ook deel van Lefra se Kelderkonserterte op 26 Julie om 17:00. Die sterre van André se vertonings is egter vir vrywilligers. As jy ouer as 18 en jonger as 30 is, in die Johannesburg- of Oos-Rand-omgewing woon, op hierdie aanlyn TV-program wil verskyn, 'n ekstrovert is wat glad nie omgee om mal goed op die verhoog aan te vang nie en natuurlik vrywillig onder hipnose sal gaan, wil ons graag met jou gesels. Skakel vir Monica Booysen by \(011\) 815 3000 of e-pos aan \[bestuur@lefra.com\]\(mailto:bestuur@lefra.com\). Meer inligting oor die Lefra Kelderkonserterte kan by \[lefra.com gekry word. Besprekings kan gedoen word by tickets.com\]\(#\).](#)

Met 10 vrywilligers lewendig en regstreeks in die Lefra Kelder, weet 'n mens nooit wat gaan gebeur nie. Ons

# VROU DEUR EKS-GELIEFDE VERMOOR:

## LIGGAAM IN BLOEDPLAS AANGETREF

M. Mostert

**HARTSWATER** - Dit is asof die moorde op vroue in sulke brandervlae kom. Vir ‘n tyd lank is dit stil, maar nou in die inperkingstyd het dit weer opgevlam en is die nuus vol berigte oor vrouens wat aan die hand van bemindes of bekendes hul lewens verloor het.

Die Motsomi-gesin van Thaga-di-epalayang naby Hartswater is in rou gedompel na die dood van hul 26-jarige dogter aan die hand van haar voormalige vriend.

Die pa van die oorledene, Paul le Roux, het gesê dat sy 26-jarige dogter Saterdagoggend brutaal deur haar eks-geliefde vermoor is. Haar liggaam is met verskeie steekwonde in 'n plas bloed aangetref. Die oorledene het na bewering vroeër 'n

“Sy is tans besig om haar kommersiële loods multi-enjin- en instrument-graderingslisensie te voltooi.”

M. Mostert

getuig van die rykdom en skoonheid van ons nasie.

**NOORD-KAAP** – Ek gee nie om wie die ander 34 mooi nooiens is wat deel van die 35 Miss South Africa-finaliste is nie. Ek is net mateloos opgewonde oor Olorato Major, 'n Warrenton-nooi wat die 35ste finaliste-tal voltooi. Olorato voldoen loshande aan al die vereistes vir 'n ideale kroondraer vir die skoonheidskompetisie wat aanlyn gehou word.

Olorato het reeds haar privaats vlieënierskursus voltooi en het nou naggradering en loods in bevelgraderings in 2 ligte vliegtuie by die Aeronav Academy, Lanseria Lughawe verwerf. Sy is tans besig om haar kommersiële loods multi-enjin- en instrumentgraderingslisensie te voltooi. Haar einddoel is om, nadat sy ondervinding as 'n lugredery-vlieënier opgedoen het, die eerste swart vroulike ruimtevaarder van Afrika te word.

Vorige skoonheidskompetisies op Olorato se kerfstok is Miss Pretoria 2017 en prinses vir Miss Mamelodi Sundowns Northern Cape 2019/20. Hoekom wil sy Miss South Africa word? Sy glo sy voldoen totaal en al aan die nuwe handelsmerk van die organisasie in die nuwe era en die verandering waarby almal in die huidige pandemie-krisis moes aanpas.

“Ek glo ek bring iets wat nog nooit op 'n Miss South Africa-verhoog gesien is nie deur 'n jong vroulike vlieënier te wees en te bewys dat vroue in 'n mansdominante industrie haar merk kan maak.” Sy het nog altyd op so 'n manier geleef wat alle fasette van Miss SA verpersoonlik, naamlik passie, deursettingsvermoë, nederigheid, en inspirasie.

Olorato se enkel-ma het haar grootgemaak. Haar ma was eers 'n Geskiedenis- en Engelsonderwyseres wat na haar geboorte opleiding in die SANW gekry het en later na die Lugmag oorgeskakel het. Sy het 'n jeugontwikkelingsprogram gelei om toekomstige vlieëniers en ingenieurs vir die SAAF te werf en te bemagtig.

Olorato glo skoonheidskompetisies bied 'n platform vir vroue om hul mag en stem terug te wen na jare se skewe opvatting dat jy nie mooi én intelligent kan wees nie. Sy glo vroue sal hul daaglikse pyn en vrese oorkom. "Eendag sal ons in 'n vroue-wêreld leef en dit is moontlik wat die teenoorgestelde geslag so bang maak dat hulle ons wil elimineer, maar ons sal oorwin."

‘n Mens verwag 'n stywe, stugge, selfgesentreerde persoon as hulle hoor dat sy 'n vlieënier van beroep is. Mense is dus aangenaam verras as hulle 'n snaakse ontspanne vrou ontmoet wat nie altyd op die voorgond hoef te wees nie. Sy het 'n aura om haar wat mense op hul gemak stel. Nou ja, die hele Noord-Kaap hoop die kroon sal in Augustus op haar kop pryk.

Olorato is gek oor Suid-Afrika se vrouens. Sy voel ons land het die mooiste vroue. Elkeen se diversiteit en sterkte verwarm haar hart. Sy hou ook van die verskillende kulture en kan, danksy die feit dat sy baie berese is,